Die dissiplinêre kode is vir rekordhouding en nie 'n straf nie
Onderworpe aan verandering/goedkeuring

KATEGORIE A OORTREDING		
1.1	Algemene wangedrag op skoolgronde	-10
1.2	Laat vir skool, gebrek aan stiptelikheid, verlengde pouses	-10
1.3	Uniform oortredings	-10
1.4	Voorkoms oortredings (hare, skeer, juweliersware, naels ens)	-10
1.5	Onvoltooide werk – skoolwerk/klaswerk/mondelinge werk	-10
1.6	Praat in die klas sonder opvoeders se toestemming	-10
1.7	Slaap in die klas	-10
1.8	Kougom kou in skooltyd	-10
1.9	Versuim om siekbrief van ouers te bring na afloop van afwesigheid	-10
1.10	Oortreding van taalbeleid	-10
1.11	Musiek speel op selfoon of dra van oorfone/oordoppies	-30
1.12	Uittartende gedrag – weier om opdragte uit te voer	-30
1.13	Diskriminasie – ras/geslag/geloof	-30
1.14	Disrespek vir utoriteit, volwassenes, VRL, leiers	-30
1.15	Leerders se aandag aflei	-30
1.16	Verbale intimidasie van leerders	-30
1.17	Leerder teenwoordig in enige verbode area	-30
1.18	Ontwrigting op skool bus of enige ander vorm van skool vervoer	-30
1.19	Onvanpaste fisiese kontak in publiek	-30
1.20	Ongemagtigde afwesigheid van klas/skool vir 'n gedeelte van die dag (stokkiesdraai)	-30
1.21	Swak sportmanskap	-30
1.22	Oneerlikheid in skoolwerk	-30
1.23	Ongure taal of optrede	-30
1.24	Gooi voorwerpe (sonder beserings)	-30
1.25	Selfoon nie af en weggebêre tydens skoolure ***Konfiskeer foon vir (1) dag***	-30
1.26	In teenwoordigheid van leerders wat rook/in besit is van tabakmiddels en/of e-sigarette/vuurhoutjies/aanstekers terwyl geklee in skool uniform of by skoolfunksie ***Items sal gekonfiskeer en vernietig word***	-30

Die dissiplinêre kode is vir rekordhouding en nie ‘n straf nie
Onderworpe aan verandering/goedkeuring

KATEGORIE B OORTREDING (ERNSTIG)		
2.1	Herhaaldelike vlak 1 oortreding, insluitend ernstige ontwrigting van klasse	-60
2.2	Astrante, uitdagende, arrogante of onvanpaste gedrag teenoor die VRL, opvoeders of personeellede	-60
2.3	Verlaat die skool vroeg sonder toestemming	-60
2.4	Ongemagtige toegang tot skool gebou of aktiwiteit	-60
2.5	Bakleiery (minder ernstig)	-60
2.6	Besit of gebruik van vuurwerke	-60
2.7	Voorwerpe oor stoep reëlings gooi	-60
2.8	Ernstige of herhaaldelike voorkoms of uniform oortredinge	-60
2.9	Wangedrag binne of buite die skool, terwyl in skool uniform geklee is, wat die skool se naam in ‘n swak lig stel	-60
2.10	Weier om self te identifiseer aan persoon in outoriteit of verskaffing van vals identiteit	-60
2.11	Medepligtige, sameswering, ondersteuning, bystand verlening of aanhitsing van oneerlikheid, bedrog of diefstal	-60
2.12	Disrespekvolle, uittartende, onbeskofte gedrag of weier om opdrag van opvoeder of personeellid uit te voer	-60
2.13	Disrespek teenoor ‘n ander leerder	-60
2.14	Vandalisme/beskadiging van eiendom	-60
2.15	Dreigemente/afpersing	-60
2.16	Vloek, onvanpaste gedrag of obskure gebare (verbaal, skriftelik of gerig op ander persoon)	-60
2.17	Bende verwante gedrag	-60
2.18	Ongemagtigde afwesigheid van skool vir ‘n dag of meer	-60
2.19	Verbale of geskrewe versoek om betrokke te raak by seksuele dade/immorele dade/onsedelike of obskure gedrag	-60
2.20	Ongemagtigde gebruik van selfone, kamera’s, elektroniese toestellle of enige ander elektroniese kommunikasie of vermaaklikheidstoestel gedurende skoolure. ***Toestel sal gekonfiskeer word vir 7 dae vir die eerste oortreding, 14 dae vir die tweede oortreding, 21 dae vir die derde oortredin en 28 dae vir die vierde oortreding.***	-60
2.21	Verskaffing van enige vals inligting aan skool werknemer of verskaffing van vals inligting oor ‘n skool werknemer	-60
2.22	Besit en of gebruik van voorgeskrewe, nie-voorgeskrewe medikasie, inasemhalingstoestelle, spuitbottels of oor-die-toonbank medikasie sonder die toestemming van die relevante skoolpersoneel	-60
2.23	Verbale konfrontasie met ‘n ander leerder met die doel om die leerder uit te lok na aanleiding van ‘n insident	-60
2.24	Onsedelike materiaal – besit en/of verspreiding	-120
2.25	Verwydering van eiendom of poging om eiendom te verwyder sonder die medewete en toestemming van die betrokke persoon en/of die verkoop van gesteelde eiendom	-120
2.26	Oneerlikheid tydens toetse of eksamens	-120
2.27	Boelie (verbaal, emosioneel, fisies)	-120

Die dissiplinêre kode is vir rekordhouding en nie ‘n straf nie
Onderworpe aan verandering/goedkeuring

KATEGORIE C (MEER ERNSTIGE OORTREDINGS)		
3.1	Herhaaldelike vlak 2 oortredings	-120
3.2	Peuter met veiligheidstoestelle/installasie toestelle of enige ander toestelle of die skoolterrein	-120
3.3	Uitbuiting	-120
3.4	Tegnologiese/rekenaar misbruik (sonder toestemming) asook peuter of steel van rekenaars of hardeskywe	-120
3.5	Ongemagtigde besit van tabakprodukte, verspreiding en of verkoop van middels op skoolterrein of gebruik van sulke produkte. Dit sluit elektroniese sigarette, “vapes” nikotien, gegeurde of enige ander chemiese instrumente via inaseming. ***Items sal gekonfiskeer en vernietig word***	-120
3.6	Skool verlaat sonder toestemming (herhaaldelik)	-120
3.7	Aggressiewe gedrag (ingesluit herhaaldelike bakleiery)	-120
3.8	Inisiasies	-120
3.9	Steek/gooi ‘n leerder met ‘n skerp voorwerp	-120
3.10	Roekelose of nalatige bestuur op skoolgronde (geen skade/beserings)	-120
3.11	Ernstige wangedrag in publiek of op sosiale media in skool uniform of wanneer ‘n leerder geidentifiseer kan word as ‘n leerder van die skool	-120
3.12	Gebruik van selfoon tydens ‘n toets of eksamen (al lui dit net). ***Selfoon sal gekonfiskeer word totdat die ondersoek afgehandel is***	-120
3.13	Diefstal	-120
3.14	Bom dreigement	-120
3.15	Ongegronde aktivering van die brand alarm of brandblusser	-120
3.16	Skade doen aan die beeld van die skool deur materiaal, foto’s of negatiewe opmerkings op sosiale media te plaas of ander leerders af te neem/te verfilm en/of foto’s te neem en dit te versprei via selfoon of enige ander elektroniese of sosiale media met kwaadwillige intensies.	-120
3.17	Ernstige ongedissiplineerde gedrag, oortreding van enige wet wat die veiligheid van ander leerders/opvoeders/personeel of mense van die gemeenskap of die algemene publiek in gevaar stel.	-120

KATEGORIE 4 (BAIE ERNSTIGE OORTREDING)		
Oortredinge wat kan lei tot skoolontsegging en/of uitsetting kan die volgende insluit maar is nie beperk tot dit nie		
4.1	Herhaaldelike vlak 3 oortredinge	-240
4.2	Brandstigting – opsetlike brandstigting op skoolgronde	-240
4.3	Enige onwelvoeglike gedrag, seksuele aktiwiteite, seksuele aanranding	-240
4.4	Oortreding op skoolgronde terwyl skorsing nog in effek is, ingenoreer sanksies opgelê in terme van skriftelike waarskuwing	-240
4.5	Fisiese aanval van ‘n personeellid wat ‘n geveg of ander ontwrigtende aktiwiteit opbreek en/of aanranding van ‘n personeellid of volwassene	-240
4.6	Opsetlike uitlokking en/of fisiese kontak met ‘n personeellid wat ‘n fisiese besering tot gevolg het	-240
4.7	Besit van gevaarlike wapen/voorwerp en/of gebruik daarvan	-240
4.8	Besit/verspreiding/verkoop/handel dryf in toets of eksamen vraestelle voor die toets of eksamen geskryf word	-240
4.9	Voorbedagte bakleiery of aanranding met die doel om ernstig te beseer	-240
4.10	Herhaaldelike besit of verspreiding van pornografiese of aanstootlike materiaal	-240
4.11	Fisiese of noodlottige besering van ‘n leerder, ouer of personeellid as gevolg van nalatigheid, roekeloosheid of jaag met ‘n motorvoertuig op die skoolgronde	-240
4.12	Deelname aan publieke onsedelikheid of obskure aktiwiteite in enige vorm insluitend op sosiale media/skoolgronde/enige ander publieke plek wat die skool se naam beskadig of oneer aangedoen word.	-240
4.13	Stakings, onluste, opstoking of enige ander vorm van onwettige aksie/ vergadering/veldtog by die skool namens ander leerders of personeel	-240
4.14	Geweldadige ontvoering/vervoer of gevangene hou van enige persoon teen hulle wil	-240
4.15	Vandalisme wat ernstige skade tot gevolg het	-240
4.16	Bedrog – handtekening/brief skryf/valse voorhou van identiteit	-240
4.17	Vloek ‘n personeellid/aantasting van ‘n persoon se menswaardigheid	-240
4.18	Seksuele molestering van personeellid of leerders	-240
4.19	Ernstige misbruik van selfoon, ootreding van die POPI Wet, neem van video’s of “sexting”. Kuberafknouery en/of afneem van gevegte/boelie/aanranding hetsy fiksie of realiteit, en die plasing of verspreiding daarvan op die internet of enige sosiale media platform. ***Selfoon sal gekonfiskeer word totdat ondersoek afgehandel is***	-240
4.20	Ongemagtigde gebruik, koop of verkoop of besit van onwettige dwelms, dwelm toebehore of alkoholiese middels of onder die invloed van onwettige dwelms of alkoholiese middels of positief toets vir die gebruik van onwettige of alkoholiese middels. Weiering om getoets te word of positief toets vir die gebruik van onwettige middels of enige vertragingstegnieke wat gebruik word om nie getoets te word nie. ***Items sal gekonfiskeer en oorhandig word aan gemagtigde owerhede***	-240
4.21	Enige spirituele aktiwiteite wat klasbywoning ontwrig of lei tot emosionele of fisiese ongemak by leerders. Dit sluit in satanistiese praktyke/toordery/kulture praktyke wat eiendom beskadig en/of emosionele stres of skade veroorsaak by enige persoon of dier.	-240
4.23	Diefstal of besit van gesteelde goedere	-240
4.24	Ernstige diskriminasie (ras/geslag/geloof)	-240

Die dissiplinêre kode is vir rekordhouding en nie 'n straf nie
Onderworpe aan verandering/goedkeuring

Hare

Seuns

- Hare moet ten alle tye in 'n netjiese styl gedra word.
- Net kort hare word toegelaat. Hare mag nie aan die ore of kraag raak nie.
- Kuiwe mag nie aan die wenkbroue raak nie. Voorkoppe moet skoon wees.
- **Een kleur ligter of donkerder (blond, bruin, rooibruin of swart**) as jou haar kleur word toegelaat. Enige kleur moet in stand gehou word. Die hare mag nie meer as een sentimeter uitgegroei wees nie.
- Lang bakkebaarde, baarde en snorre word nie toegelaat nie.
- Gevlegde, gedraaide hare asook "dreadlocks" word toegelaat solank dit in ooreenstemming met die hare reëls is.
- **GEEN** kraletjies word toegelaat nie.
- **GEEN** haarverlengings of bykomstighede word toegelaat nie.
- **GEEN** gravering, patrone of lyne mag op die kop of wenkbroue aangebring word nie.
- "Afro" haarstyle mag nie ander leerders se vermoë om in die klas te kan sien beperk nie. Dit moet netjies gesny word tot 'n aanvaarbare vlak.
- **GEEN** pruike word toegelaat sonder skriftelike toestemming van die BL nie**.**
- **Enige teenstrydighede aangaande hare sal deur 'n paneel van drie manlike personeel of BL lede beoordeel word en hulle besluit is finaal.**

Dogters

- Hare moet ten alle tye in 'n netjiese styl gedra word.
- Indien die hare aan die kraag raak moet dit vasgemaak word op so 'n wyse dat geen los hare uithang nie.
- **GEEN** hare word in die gesig toegelaat nie.
- GEEN kuiwe mag in die oë hang nie. Dit moet terug gesteek word met nie meer as drie tot 5 knippies wat dieselfde kleur is as die hare (swart, goud, bruin of deurskynend).
- Net haarbykomstighede ("alice bands","scrunchies", linte en rekkies) wat dieselfde kleur is as die skoolkleure mag gedra word (blou, wit en geel).
- Vlegsels en "dreadlocks" word toegelaat maar moet skoon en netjies gehou word en ten alle tye vasgemaak wees.
- Hare mag nie langer as die middellyf wees as dit vasgemaak is nie.
- **Een kleur ligter of donkerder (blond, bruin, rooibruin of swart)** as jou haar kleur word toegelaat. Enige kleur moet in stand gehou word. Die hare mag nie meer as een sentimeter uitgegroei wees nie.
- Die volume van haarverlengings word beperk tot 'n netjiese, aanvaarbare lengte.
- Afro" haarstyle mag nie ander leerders se vermoë om in die klas te kan sien beperk nie. Dit moet netjies gesny word tot 'n aanvaarbare vlak.
- **GEEN** gravering, patrone of lyne mag op die kop of wenkbroue aangebring word nie
- **GEEN** pruike word toegelaat sonder skriftelike toestemming van die BL nie.
- **GEEN** kraletjies word toegelaat nie.
- **Enige teenstrydighede aangaande hare sal deur 'n paneel van drie vroulike personeel of BL lede beoordeel word en hulle besluit is finaal.**

Die dissiplinêre kode is vir rekordhouding en nie 'n straf nie
Onderworpe aan verandering/goedkeuring

SKOOLDRAG EN VOORKOMS – KATEGORIE A OORTREDING

Skooldrag

i. Slegs die voorgeskrewe skooldrag moet gedurende skoolure en met ander skoolaktiwiteite soos wat die beheerliggaam bepaal, gedra word.
ii. Skooldrag moet ten alle tye skoon en netjies wees. Seuns mag slegs 'n effekleurige, wit onderhemp dra wat onder geen omstandighede sigbaar is nie.
iii. Dit is 'n oortreding van die gedragskode indien 'n seun dogtersdrag of 'n dogter seunsdrag op die skoolterrein of in die publiek dra.

Terwyl leerders in die skool se drag of enige gedeelte daarvan geklee is wat voldoende is om hulle in die oë van die publiek met die skool te verbind, of terwyl leerders die skool verteenwoordig, hetsy direk of indirek, hetsy as deelnemers, ondersteuners, helpers, toeskouers of andersins moet hulle voldoen aan die volgende bepalings:

Kleredragreëls - Seuns

<u>Somersdrag</u>:

i. 'n Kort of lang grys broek. (GEEN verandering aan die snit van die langbroek)
ii. Grys of swart belt
iii. Grys skoolkouse
iv. Swart skoolskoene
v. Blou skoolhelp -altyd ingesteek in broek

<u>Wintersdrag</u>:

i. Dieselfde as somersdrag behalwe:
ii. Grys langbroek. (**GEEN** verandering aan die snit van die langbroek)
iii. Skooltrui, ootrek trui ("pull over") of skoolbaadjie en 'n skooldas

<u>Skoene</u>:

Swart skoene word toegelaat. Skoene wat byvoorbeeld nie toegelaat word nie, is die volgende:

i. skoene met dik sole (speksole),
ii. enige soort stewel,
iii. veldskoene (vellies),
iv. suede skoene,
v. skoene van ander kleure,
vi. skoene met hoë hakke en
vii. tekkies

Kleredragreëls - Dogters

<u>Somersdrag</u>:

i. <u>GEEN langbroeke mag in die somer gedra word nie</u>.
ii. Blou romp 6 cm van die grond gemeet wanneer dogter op haar knieë staan. (GEEN verandering aan die snit van die romp nie.)
iii. Blou kortmoubloes ingesteek. Daar mag nie wintershemde by somersdrag aantrek word nie.
iv. Skoolbaadjie, koningsblou trui of oortrektrui ("pull over") met 'n skoolhemp onderaan.
v. Geskikte onderklere van die regte kleur.
vi. Wit sokkies omgevou.
vii. Swart skoolskoene of seunskoolskoene (geen dik sole, tekkies of "boots" nie).

<u>Wintersdrag</u>:

i. 'n Blou langmouhemp ingesteek en geen somershemde by wintersdrag nie.
ii. 'n Skooldas is verpligtend.
iii. 'n Blou romp 6 cm van die grond gemeet wanneer dogter op haar knieë staan. (**GEEN** verandering aan die snit van die romp nie.)
iv. 'n Baadjie, trui of oortrektrui ("pull over"). (Beskikbaar by die skool klerewinkel)
v. Koningsblou sykouse.
vi. Swart skoolskoene of swart seunskoolskoene.
vii. Grys langbroek <u>met</u> 'n skoolbaadjie en **<u>grys sokkies</u>**. (**GEEN** verandering aan die snit van die langbroek nie.)

Die dissiplinêre kode is vir rekordhouding en nie ‘n straf nie
Onderworpe aan verandering/goedkeuring

Nota:

i. Truie – slegs die standaard V-nek skooltrui.
ii. ‘n Skooldas mag slegs by ‘n toeknoop kraaghemp gedra word.
iii. Wanneer ‘n serp gedra word, mag dit slegs ‘n koningsblou of ‘n wit serp wees. (Beskikbaar by die skool klerewinkel)
iv. **GEEN** musse of hoofbedekkings mag gedra word nie.

Die beheerliggaam kan na goeddenke toestemming verleen dat leerders by sekere geleenthede burger/gewone drag dra. Sodanige drag moet netjies en welvoeglik wees.

Voorkoms

Geen eksamen, kompetisie, funksie of opvoerings word as verskonings aanvaar om hare te laat groei of om voorkomsreëls vir seuns en dogters hier genoem, te oortree nie.

Juwele

i. **GEEN** juwele, soos ringe, armbande (rekkies óf leer) of kettings, word toegelaat nie.
ii. Slegs polshorlosies en ‘n seëlring (dogters) word toegelaat.
iii. Die dra van liggaamsjuwele, soos neus-, tong- en wenkbroujuwele, is verbode.
iv. Wat oorringe vir dogters betref, mag slegs een goue of silwer knoppie of standaard goue of silwer ringetjie per oor gedra word, en wel in die onderste gaatjie indien daar meer as een is.
v. Oorringe vir seuns word nie toegelaat nie.
vi. Geen steentjies van enige aard word toegelaat nie.

Naels

i. **GEEN** vals naels nie en naels mag nie oor die vingerpunte steek nie.
ii. Geen naellak mag gedra word nie.

Grimering

Geen maskara, vals wimpers, oogomlyner, lipstiffie of lipglans van kleur, blosser of oormatige onderlaag word toegelaat tydens die dra van skooldrag nie.

Sport en buitemuurse aktiwiteite

Daar is ‘n amptelik, goedgekeurde sportdrag vir alle sport kodes, onderskeidelik, vir seuns en dogters. GEEN ander alternatiewe drag is toelaatbaar tydens skool / sportbyeenkomste nie.
Alle sportdrag is in die skool se klerewinkel beskikbaar.

Goedgekeurde drag wat tydens skoolure gedra mag word en SLEGS deur 1ste span spelers wat vir daardie betrokke dag se span gekies is:

Hokkie : Lang wit kouse met 1ste span das.
Netbal : Kort wit kouse (“Harties Netbal”) met 1ste span das.
Rugby : Rugby “cap”

1ste span dasse mag slegs op wedstryd dae gedra word.

Algemeen:

Die skool erken GEEN “1ste span baadjies” of enige nie-amptelike drag wat nie deur die beheerliggaam goedgekeur is nie.
1ste spanne moet in hul VOLLEDIGE skooldrag by ‘n byeenkoms aankom, en op die normale ooreengekome tydstip, soos deur die afrigter bepaal, in hul sportdrag verklee.
Dit is ‘n oortreding indien ‘n seun dogtersdrag (sportdrag) of ‘n dogter seunsdrag (sportdrag) op die skoolterrein of in die publiek dra.

Prosedures

Waarskuwing 1 = -30 punte;

Waarskuwing 2 = -60 punte;

Waarskuwing 3 = -90 punte;

Intervensie 1 = -120 punte (Graadvoog + ouer + betrokke leerder + betrokke personeel);

Die dissiplinêre kode is vir rekordhouding en nie ‘n straf nie
Onderworpe aan verandering/goedkeuring

Waarskuwing = -150;

Waarskuwing 5 = -180

Waarskuwing 6 = -210;

Intervensie 2 = -240 punte (Graadvoog + ouer + betrokke leerder + betrokke personeel)
Moontlike eksterne verhoor

Besluit oor stappe wat vorentoe gevolg gaan word.

Sanksies

Sanksies	Onmiddellike aksie (Kategorie A)	Interne intervensie/verhoor (Kategorie B)	Dissiplinêre-verhoor (Kategorie C)
Skriftelike waarskuwing (Na 30 demerietes)	X	X	X
Konfiskering	X	X	X
Opskorting van voorregte (kalender)	X	X	X
Verslag voltooi vir 2 weke	X	X	X
Skooldiens	X	X	X
Berading en mentorskap		X	X
Herstel of vervanging van skade		X	X
Vergoeding		X	X
Skoolontsegging	(3 dae)	(7 dae)	X
Skorsing			X

Leerder bywoningsbeleid

Afwesighede

Slegs ‘n geldige doktersbrief sal aanvaar word wanneer ‘n leerder afwesig is tydens ‘n toets of eksamen. Die graadvoog en vakonderwyser moet in kennis gestel word indien die leerder siek is en ‘n toets of eksamen gaan mis. Die doktersbrief moet so gou moontlik by die graadvoog ingehandig word.

Laat kom

Vir enige afwesigheide moet die leerder ‘n verskoningsbrief van die ouer/voog by die registeronderwyser inhandig. Indien die leerder versuim om die brief in te handig, sal hy/sy -10 punte op die dissiplinêre stelsel ontvang.

Vroeg uitteken

Indien ‘n leerder aan die begin van die skooldag weet dat hy/sy vroeg uitgeteken gaan word, moet ‘n brief van die ouer/voog gedurende registerperiode by die kantoor ingehandig word. Die kantoor sal die personeel in kennis stel dat die leerder vroeg uitgeteken word.

Indien ‘n leerder siek word gedurende die skooldag, moet die leerder skriftelike toestemming by die graadvoog of assistent graadvoog ontvang. Die kantoor sal dan die ouer in kennis stel dat die leerder siek is.

Indien daar ‘n krisis by die huis ontstaan en ‘n ouer/voog moet ‘n leerder onbepland vroeg uitteken, moet die ouer/voog SELF die leerder kom uitteken. Sou iemand anders die leerder uitteken, moet die ouer skriftelik toestemming gee (gee e-pos of whatsapp sal aanvaar word nie).